# HANDWERK

## Graad 3

Praktiese vaardighede

15 ure

## Doel

Die doel is om die Penkop en Drawwertjie:

- toe te rus met spesifieke vaardighede om iets te skep.
- te help om te beplan en sistematies te werk te gaan.
- die genot van iets kreatief skep te laat ervaar.

## Spesialisasievereistes

Om hierdie kenteken te verwerf, moet die Penkop of Drawwertjie die onderstaande vereistes nakom en volledig afhandel:

1. Kennis opdoen oor die volgende handwerktoerusting:

**Skêr**

- Weet hoe om 'n skêr veilig te gebruik.
- Weet hoe om 'n skêr te versorg en bêre.
- Drie verskillende skêre (materiaal-, papier- en kombuisskêr) kan identifiseer en die gebruik van elkeen kan noem.

**Gom**

- Weet hoe om vloeibare gom veilig te gebruik.
- Weet hoe om vloeibare gom te versorg en bêre sodat dit nie uitdroog nie.
- Verskillende tipes gom (materiaalgom, houtlym, papiergom, gomgeweer) kan identifiseer en een gebruik van elkeen kan opnoem.

**Papier**

- Papier van verskillende diktes hanteer en verstaan hoekom een dikte papier bv. goed werk om kaartjies te maak en 'n ander dikte beter werk vir vlegwerk.
- Drie verskillende soorte papier (bv. servet, karton en fotostaatpapier) kan gebruik om te ondersoek wat geskik is vir verskillende tipes Origami.
- Weet van die gevare van papier, bv. papiersny.

**Klei**

- Die gebruike van verskillende soorte klei kan opnoem, bv. soutklei, lugdroogklei, potklei, speelklei.
- Weet hoe om met elke soort klei te werk, bv. potklei moet bietjie nat gemaak word, speelklei moet geen water kry nie en lugdroogklei moet nie vir lang periodes oop gelos word nie.
- Die verskillende kleisoorte korrek kan berg.
- Verskillende soorte verf op die korrekte manier kan berg.

## Spesialisasievereistes

**Verf**

- ’n Verfkwas korrek kan hanteer en gebruik om egalig te verf.
- ’n Verfkwas korrek kan versorg en berg.
- Drie verskillende soorte verf kan identifiseer en ’n gebruik vir elkeen kan gee, bv. lapverf, olieverf en waterbasisverf.
- ’n Keuse maak tussen voorbeelde van verskillende handwerkartikels en dan vier werklik bruikbare artikels onder toesig van die kursusaanbieder, wat hulp verleen en raad gee, maak. In elke geval moet van ’n ander tegniek gebruik gemaak word.

2. ’n Keuse maak tussen voorbeelde van verskillende handwerkartikels en dan vier werklik bruikbare artikels onder toesig van die kursusaanbieder, wat hulp verleen en raad gee, maak. In elke geval moet van ’n ander tegniek gebruik gemaak word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| Origami | Papierblomme | Papierwaaiers | Kaartjies maak |
| Papiermaché | Papier-vlegwerk | Decoupage | Gesigmaskers |
| Gipsvorms | Deegkuns | Kleiwerk | Sementwerk |
| Macramé | Mosaïek | Blikkies versier | Kralewerk |
| Stensilwerk | Stempelwerk | Drukwerk met bv. aartappels, sponse | Handpoppe |
| Lap verf | Glas verf | Teëls verf | Klip verf |
| Hout verf | Kerse maak | Kuns met sand | Kuns met skulpe |

3. Besef wat materiaal vir handwerk kos deur ’n eenvoudige kosteberaming vir die gekose handwerkartikels te maak en dan die artikels met sorg aanpak en voltooi.
4. Die werksoppervlak deeglik voorberei voor begin word om die omgewing waar gewerk word, te beskerm van permanente skade (bv. meubels, mure en matte) indien daar gemors word, homself te beskerm en toerusting skoon en veilig te hou terwyl hy besig is met handwerk.
5. Moet die materiaal versigtig gebruik en voorsorg tref om skade te voorkom, byvoorbeeld kwaste wat vir gom gebruik was, moet skoongemaak word, gips word gou droog, kleurstowwe bemors klere en kerswas brand. Betrokke wees by die opruim van die lokaal en wegpak van toerusting na elke werksessie.

## Aanbieding

Vereiste 1. Die doel van hierdie vereiste is om jeuglede bekend te stel aan ’n verskeidenheid van handwerktoerusting, die gebruike, hoe dit werk en korrekte hantering daarvan. Maak voorsiening vir ’n groot verskeidenheid fisiese voorbeelde sodat verskille in soortgelyke items duidelik uitgewys kan word en gee jeuglede die geleentheid om

## Aanbieding

die toerusting te hanteer. Waar moontlik tref ’n reëling vir ’n besoek aan ’n handwerkwinkel waar al die toerusting gewys en gedemonstreer word. Vriende, mede-offisiere en ouers van jeuglede kan ook genader word om te help met voorbeelde van toerusting.

Vereiste 2. Dit sal beter wees as jeuglede hul keuse uitoefen deur te kyk na reeds voltooide artikels in plaas van net prente of foto’s daarvan. Dit is nodig dat die aanbieder die artikel eers self maak om vas te stel waar probleme kan opduik en wat die werklike koste daarvan sal wees. Dit is dus nodig om reeds lank voor aanbieding voorbereiding te doen om alles gereed te kry. Demonstrasie, volledige inligting en besprekings is hier baie nodig voor hulle begin. Dit sal frustrasie, ’n gemors en mislukkings beperk of hopelik uitskakel. Wanneer materiaal van enige aard gekoop moet word, is dit raadsaam om vooraf die ouers te ken in die saak, eerder as om net ’n boodskap huis toe te stuur.

Vereiste 3 Hierdie jeuglede is nog klein maar onder die aanbieder se leiding kan hulle bepaal wat hulle alles nodig het. Dit is maar ’n oefening vir die toekoms. Die jeuglid moet ’n keuse kan uitoefen om sy kreatiwiteit uit te leef binne ’n bekostigbare raamwerk. Maak ’n lys van die koste van die handwerkmateriaal wat gebruik gaan word sodat die jeuglede daaruit die koste van items wat hulle gaan gebruik, kan bepaal.

Vereiste 4. Deurlopende kontrole sodat alles netjies bly, is belangrik. Aspekte hier van belang sluit in koerante of plastiek op werksoppervlakte om dit skoon te hou waar geverf of met gom gewerk word, voorskote, diep genoeg waterbakkies vir kwaste.

Vereiste 5. Die skoonmaak na elke werksessie is ’n lewensles wat die jeuglid reeds op die jong ouderdom moet leer. Gee vir elkeen ’n spesifieke taak wat hy moet afhandel en kontroleer dat dit reg gedoen word. Wanneer dit ’n groot groep is, kan die jeuglede verdeel word volgens die getal werksessies. Elke groep het dan een sessie waarna hulle moet opruim. Die hoeveelheid voorbereiding wat hier getref moet word, gaan afhang van wat gedoen gaan word.

## Hulpbronne

1. Handwerkboeke en -tydskrifte
2. Hoe oms
3. Handwerkwinkels is ook ’n groot bron van inligting
4. Internet, bv. Pinterest

E-pos enige voorstelle of kommentaar oor die spesialisasie aan hoofkantoor@voortrekkers.co.za.